# LAPPE VIR JOU



## RONDE LAPPIE

**BENODIGDHEDE:** *30 g Coats Chain-Mercer Nr. 30 (20-g-bolle); staalhekelpen van 0,75 mm.*

**MATE:** *Die voltooide doilie sal ongeveer 25-26 cm in deursnee wees.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; sp(s) - spasie (spasies); kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); dsl - dubbelslagsteek; vlg - volgende; p - picot (= 3 ks, gs in 1e van 3 ks); tr - trossie ('n aantal dsl saam deurgetrek); gs - glipsteek; herh - herhaal.*

**L.W.:** *3 ks vervang altyd 1e lb van 'n rondte.*

**MIDDELSTUK:** 7 ks, gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 3 ks vir 1e lb; (3 ks, 1 lb) 6 keer, 3 ks, sluit met gs in 3e begin-ks.
**2e rondte:** 4 lb en 2 ks in sp van vorige rondte, 7 keer.
**3e rondte:** *2 lb in 1e lb, 1 lb in elk van vlg 2 ste, 2 lb in vlg lb, 3 ks; herh vanaf begin tot einde van rondte.
**4e rondte:** *6 lb in lb van vorige rondte, 5 ks, 1 kb in vlg sp, 5 ks; herh vanaf * tot einde.
**5e rondte:** 6-dsl-tr oor 6 dsl van vorige rondte, (5 ks, 1 kb) in elk van vlg 2 sps, 5 ks; herh tot einde van rondte.
**6e rondte:** 2 gs oor eerste 2 ks van vorige rondte, (1 kb, 7 ks in vlg sp) 21 keer.
**7e rondte:** *8 lb in 1e sp van vorige rondte; 7 lb in vlg sp*; herh van * tot * nog 8 keer, 8 lb in elk van laaste 3 sps — 159 lb in rondte.
**8e rondte:** 4 ks vir 1e dsl, 1 ks, 1 dsl in 1e st van vorige rondte, *1 ks, slaan 2 ste oor, (1 dsl, 1 ks, 1 dsl) in vlg st*; herh van * tot * 52 keer, 1 ks, sluit met gs.
**9e rondte:** (1 dsl, 1 ks, 1 dsl) in sp tussen dsl van vorige rondte, 1 ks; herh rondom.
**10e rondte:** (1 dsl, 1 ks, 1 dsl) in sp tussen dsl van vorige rondte, 2 ks; herh tot einde van rondte.
**11e rondte:** Soos 10e rondte.
**12e rondte:** (1 dsl, 2 ks, 1 dsl) in sp tussen dsl van vorige rondte, 3 ks; herh tot einde van rondte.
**13e rondte:** 2 lb in 2-ks-sp van vorige rondte, 3 lb in 3-ks-sp, herh tot einde.
**14e rondte:** 1 lb, 2 ks, slaan 1 st oor; herh tot einde van rondte.
**15e rondte:** 1 kb in 1e sp van vorige rondte, 6 ks, slaan 1 sp van vorige rondte oor en herh tot einde. Knip garing af en heg af.

Hekel nou die 14 blommetjies wat die omranding uitmaak.

**EERSTE BLOM:** Hekel 6 ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** (1 lb, 3 ks) 6 keer. Sluit met gs in 3e van 3 begin-ks.
**2e rondte:** (4 lb, 3 ks) in elke sp van vorige rondte.
**3e en 4e rondte:** Soos 3e en 4e rondte van middelste blommotief.
**5e rondte:** 6-dsl-tr oor 6 dsl van vorige rondte, 5 ks, 1 kb in elk van vlg 2 sps, 5 ks; herh vanaf begin nog 4 keer, 6-dsl-tr in vlg 6 lb, *3 ks, 1 gs om blommotief aan een van sp van middelstuk te heg, 3 ks*, herh van * tot * nog 2 keer, om motief aan nog 2 vlg sps van middelstuk te heg; sluit met gs in sluit-st van eerste blomblaar.

Hekel daaropvlg motiewe op dieselfde manier, heg elkeen aan vorige motief vas asook aan middelstuk (slaan 2 sps aan rand van middelstuk oor en heg elke vlg blommotief aan 3 daaropvlg sps vas); hekel 14e blommotief ook aan 1e motief vas.

**OMRANDING:** (1 kb, 5 ks) in elke vrye sp van rand, 3 ks tussen motiewe van rand.
**2e rondte:** Soos eerste rondte.
**3e rondte:** 3 kb, 1 p, 3 kb in elke 5-ks-sp van vorige rondte, 3 kb in 3-ks-sp tussen motiewe.

# BESTE TAFEL

## VIR DIE KOFFIETAFEL

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 500 g Coats Chain-Mercer Nr. 20; hekelpen van 1 mm.*

**MATE:** *Om oor 'n koffietafeltjie of linnekis te pas.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; herh – herhaal; sp(s) – spasie(spasies); vlg – volgende; st(e) – steek(steke).*

**AANWYSINGS: 1e ry:** Hekel 485 ks, draai.

**2e ry:** 1 lb in 8e ks vanaf hekelpen, * 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg ks *; herh van * tot * tot einde van ry; draai.

**3e ry:** 5 ks, (3 ks vir 1e lb, 2 ks vir sp); * slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg st, 2 ks *; herh van * tot * tot einde van ry. Slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg lb, draai.

**4e en daaropvlg rye:** Raadpleeg diagram.

**20e ry:** Hier begin die lasetpatroon, hekel soos volg: 5 ks (= 3 ks vir 1e lb en 2 ks vir sp), slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg st, 2 ks, slaan 2 ks oor, (1 lb in vlg lb, 2 lb in vlg sp) 13 keer, 1 lb in vlg lb; 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 2 ks oor; 1 lb in vlg lb, * 5 ks, slaan (2 ks, 1 lb, 1 ks) oor, 1 kb in vlg ks, 1 kb in daaropvlg lb, 1 kb in daaropvlg ks; 5 ks, slaan (1 ks, 1 lb en 2 ks) oor, 1 lb in vlg lb *; herh van * tot * nog 30 keer, 5 ks, slaan 2 sps oor, 1 lb in vlg st, hekel dan filet tot einde van ry; draai.

**21e ry:** Hekel volgens diagram, en gaan só te werk na laaste 2 sps: * 5 ks, slaan 5 ks van vorige ry oor, 1 lb in vlg lb, 5 ks, slaan 5 ks oor, 1 kb in elk van vlg 3 kb *; herh van * tot * tot einde van lasetdeel; hekel voort in filet tot einde van ry.

**22e ry:** Begin met filetdeel, en gaan soos volg voort ná laaste 2 sps: * 5 ks, slaan 5 ks en 1 kb oor, 1 lb in vlg kb, 5 ks, slaan 1 kb en 4 ks oor; 1 kb in vlg ks, 1 kb in vlg lb, 1 kb in vlg ks *; herh van * tot *, eindig lasetdeel met 5 ks, 1 lb in vlg lb, hekel filet tot einde van ry.

**23e ry:** Begin met filetdeel en na laaste 2 sps hekel: * 5 ks, slaan 5 ks oor, 1 kb in elk van vlg 3 kb, 5 ks, slaan 5 ks oor, 1 lb in vlg st *; herh van * tot * en eindig soos gestel.

**24e ry:** Begin soos gestel en hekel dan: * 5 ks, slaan 4 ks oor, 1 kb in vlg ks, 1 kb in vlg lb, 1 kb in daaropvlg ks; 5 ks, slaan 4 ks en 1 kb oor, 1 lb in vlg st *; herh van * tot * en eindig soos gestel.

**25e ry:** Soos 21e ry. Herh hierdie 4 rye om lasetpatroon te vorm, en hou rande steeds in Griekse randpatroon volgens diagram.

Hekel so voort tot 44e ry.

Hekel lasetpatroon nou slegs aan binnekant van Griekse rand en volg diagram om 'n filetreghoek met diamantpatroon te verkry.

Om filetwerk oor lasetdeel te hekel, plaas steke soos volg: Hekel lb tussen die ks en in middel van lasette om regte aantal filetvierkantjies te verkry.

Herh deel wat op diagram afgebeeld is, tot daar 6 diamantpatroontjies in die lengte is. Hekel dan weer laset en eindig met Griekse rand.

NA BLADSY 103



# LAPPE VIR JOU BESTE TAFEL

VAN BLADSY 77

**OMRANDING:** Heg garing met 'n glipsteek aan enige punt van rand van reghoek vas en hekel: **1e rondte:** 8 ks (= 3 ks vir 1e lb, 5 ks vir sp); * slaan 2 sps oor, herh 2 keer 1 lb in vlg st, 2 lb in daaropvlg sp; 1 lb in vlg st, 5 ks *; herh van * tot * tot einde van rondte en eindig met 1 gs in 3e begin-ks.

**2e rondte:** 3 ks vir 1e lb, * 5 lb in vlg 5-ks-sp, 1 lb in daaropvlg st, 5 ks, slaan 5 ste oor, 1 lb in vlg st *; herh van * tot * tot einde van rondte; eindig sonder om laaste lb te hekel, maar gs in bopunt van begin-ks.

**3e rondte:** 7 kb in elke 5-ks-sp, 7 ks, slaan vlg lb oor; eindig met gs in 1e kb.

**4e rondte:** 1 ks vir 1e kb; * 1 kb in elk van vlg 5 ste, 4 ks, 1 kb in middelste ks van sp daaronder, 4 ks, slaan 1 kb oor *; herh van * tot * tot einde van rondte; eindig met gs in begin-ks.

**5e rondte:** 1 ks vir 1e kb; * 1 kb in elk van vlg 4 ste; (4 ks, 1 kb in vlg sp) 2 keer, 4 ks, slaan 1 kb oor *; herh van * tot * tot einde van rondte, gs in begin-ks.

**6e rondte:** 1 ks vir 1 kb; * 1 kb in elk van vlg 3 kb, (4 ks, 1 kb in vlg sp) 3 keer, 4 ks, slaan 1 kb oor *; herh van * tot * en eindig in bopunt van begin-ks.

**7e rondte:** 1 ks vir 1e kb; * 1 kb in vlg st, (4 ks, 1 kb in vlg sp) 4 keer, 4 ks, slaan 1 st oor *; herh van * tot *, eindig met gs in begin-ks. Knip garing af en werk af. ●

## DIAGRAM

☐ — 1 spasie = 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg lb.

☒ — 1 blokkie = 2 lb in 2 ks, 1 lb in vlg lb.

••• — kettingsteke

TT — kortbene

†† — langbene




VERGROTING VAN OMLYNDE DEEL







